Feeste

G. J. du Preez 072 1876 076

Feeste

Kom ons begin met ‘n vraag: Wat is ‘n fees? ‘n Fees is ñ plegtige herdenking van ‘n gebeurtenis. Dit is ‘n viering ter herdenking. Dit is ‘n tyd wat ‘n besondere geleentheid uitwys. ‘n Fees ontstaan uit ñ gebeurtenis. Ons kan bv. sien oor die slag van Bloedrivier, Majuba dag ens. waar ‘n ere dág uitgeroep was oor die oorwinning van daardie dag of dae. Dit is tot herinnering vir die toekomende geslagte dat dit nie vergeet mag word nie. Ek wil amper sê dat dit die nageslag moet begiftig en herinner van daardie besondere dag. Deur die feeste elke jaar te vier sal dit deel uitmaak as fondasie vir volk-bou.
Kom ons kyk wat is die doel van ‘n fees. Soos bo genoem is dit om daardie geleentheid in herinnering te roep. Sekere feeste is daar om die volk te begiftig, maar sommige is om die moraal van die volk op te lig. Daar is feeste soos sang of kultuur feeste wat gepaard gaan met stalletjies wat allerlei goed verkoop. Die soort van feeste wil ek noem dat dit alleman fees is, maar dan kry jy feeste wat oorlog of spesifieke geestelike vuur-ringe wat afgesonderde feeste is.

Kom ons kyk na feeste wat ons in die Skrifte vind. YAH weet dat die mens gou vergeet en dus sekere tyd vasgevang het tot herinnering (*ek wil amper sê dat YAH ‘n wet ingestel het om die fees te onderhou*). Die eerste herinnering wat ek wil aanhaal is die Pasga. Baie dink dat Pasga ontstaan het in Egipte, maar hier is inligting wat hulle sal verstom. Pasga beteken verbygaande fees (*Ex. 12:11 ….: it is the LORD'S Passover*) en dat die fees aan VADER behoort. Die Pasga het sy ontstaan lank voor Egipte gekry, ja toe ons VADER die eerstelinge van alles op aarde geëis het vir HOM. VADER het dit duidelik gestel dat die eerste van alle lewe op aarde aan HOM behoort (*Ex. 13:13 ….. al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop. Ex. 23; 34*). Selfs toe Kain en Abel hulle eerste offer gemaak het aan VADER.
Dood wat toe moes intree as offer aan VADER het VADER vir die mens ‘n rein dier in sy plek daargestel. Dus het VADER ‘n verbygaande dood (Pasga) daargestel vir die mens. VADER het in Ex.12 reeds vir ons deur gegee dat daar vir ons redding is, maar in Jes. 1:11 sê VADER: *Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê ~~die HERE~~ VADER. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.* Dus het die werklike offer net ‘’n tradisie geword. Joh. 1:29 staan die reddende woorde: *Die volgende dag sien Johannes ~~Jesus~~ YAHUSHA na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van ~~God~~ VADER wat die ~~sonde~~ wet-oortredinge van die wêreld wegneem!* Nou dat ons weet dat *VADER* SY Seun gestuur het as dié Pasga Lam kan ons verder rondom die Pasga kyk.

Met die boonste informasie kan ons nou sien om Pasga te vier is nie om dankie te sê dat ons onder die juk van die Egiptenaars uitgekom het nie, en ook nie dat die Egiptenaars gestraf was weens die Farao se hardnekkigheid nie, nee dit is fees wat geëer word om VADER te behaag in SY opdrag. Die fees het sy hoogtepunt bereik toe SY Seun vir ons soos die "diere" in die verlede gesterf het in die plek van.
Om dié offer verder te verstaan moet ons na die "Bloed" wat gestort was van dié Lam (YAHUSHA) ondersoek. Voordat ons Koning gesterf het daardie dag het Hy reeds baie bloed gestort weens die marteling van die Romeinse soldate (*Matt. 27:26 ….. maar ~~Jesus~~ YAHUSHA het hy laat gésel en oorgelewer om ~~gekruisig~~ gefolter te word. Joh.19:1).* Ons weet ook dat na die dood ingetree het, het daar bloed gevloei (Joh. *19:34 Maar een van die soldate het met 'n spies in Sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom).* Die "Bloed" van ons Koning moet openbaar word sodat die wat so graag die "Bloed" oor hulle pleit kan verstaan.

Bloed

(1) Die nuwe verbond is besprinkel met die bloed van YAHUSHA dié Gesalfde. (2) Drink die bloed. (3) Stryk Sy bloed aan die bo-drumpel en aan die twee deur-poste van jou hart (4) sodat die verderwer verby moet gaan. (5) Sy bloed wat vir ons uitgestort was reinig ons van alle oortredinge (6) en sal op Sy vyand wees tot oordeel. (7) In daardie bloed van YAHUSHA dié Gesalfde was ons, ons klere en maak dit wit.
Die bloed van die diere *as offer in die verlede*) was begrawe in die aarde, maar YAHUSHA se bloed was nie begrawe nie, maar uit gegiet op die aarde. Openlik het Sy Bloed gevloei en Sy vyand het Sy Bloed (*wat deur marteling en pyn was*) gepleit oor hulle en hul nageslag. Hulle wou nie net sien hoe YAHUSHA na die dood gaan nie (*deur die stort van Sy Bloed nie*) ,maar dit oor hulle en hulle nageslag uitgeroep (*Matt. 27:25 En die hele volk antwoord en sê: Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom!*). Baie sal sê, maar Sy bloed is oor ons tot beskerming en wassing van die kleed, want ons lees in *Open. 7:14 …..: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.* Kom ons kyk wat werklik daar staan: Open.7:14. Let mooi op na die stelling in die gelese vers dat hulle die "verdruktes" reeds skoon is voordat die bloed van ons Koning ter sprake was. Dus moet ons dit so sien dat die wat gely het as kinders van die Allerhoogste geen skuldlas meer het nie. Hulle gaan ook nie voor VADER verskyn om geoordeel te word nie. Hulle ontvang dadelik die "wit kleed" tot vrywaring. YAHUSHA het met Sy Bloed ons vry gekoop (*as jy iets koop dan ontvang die verkoper die geld en jy as koper die produk*). Ha satan as eiser vir die Bloed van ons Koning het die Bloed ontvang waaroor sy kinders "die Jode" oor gepleit het.

Die volgende fees is die Ongesuurde brood.
Die fees het sy eie betekenis en tog saam met Pasga gevoeg. Pasga begin op dieselfde dag as die ongesuurde brode tog die verskil in die twee feeste. (*Matt. 26:17 En op die eerste dag van die ongesuurde brode kom die dissipels na ~~Jesus~~ YAHUSHA en sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die Pasga te eet? Ex. 12:18 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, in die aand, moet julle ongesuurde brode eet, tot op die een en twintigste dag van die maand, in die aand).* Pasga soos bo uitgewys is die "verbygaande" fees, maar die ongesuurde brood is brood wat 7 dae lank nie suurdeeg in die brood of in die huis mag wees nie ((Ex.12:13) *Ex. 12:19 Sewe dae lank mag daar geen suurdeeg in julle huise gevind word nie. Ex. 12:8 …. ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet).* Dus is die ongesuurde brood 'n herinnering vir die smartlike tyd wat hulle in Egipte gehad het en ook met die koppeling van Pasga dat ons Koning die "smartlike" tyd moes deurstaan om ons te red.

'n Volgende fees is die "Hutte" fees of ook genoem die "Insameling" fees aan die einde van 'n jaar.
In tente en skuilings het die Israeliete gewoon in Egipte; so ook in die woestyn. Om dit te herdenk moet daar elke jaar in tente of tak skuilings buite gemaak word en in geslaap word. Tabernakel beteken 'n tent of 'n tydelike hawe, so ook ons liggaam wat 'n tent voorstel wat ook tydelik op aarde is. Tabernakel beteken ook woonplek (beskerming) wat YAHUSHA is en dat die skuiling Sy beskermde hand is.

Ex.34:22 Die fees van die weke moet jy ook hou, (Pinkster) *die fees van die eerstelinge van die koringoes; en die fees van die insameling* (Tabernakel) *<u>by die wisseling van die jaar</u>. Insameling <u>aan die einde van die jaar</u> as jy jou werk uit die land insamel. Ex.23:14-17 verder die fees van die oes, van die eerstelinge van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die <u>fees van die insameling aan die einde van die jaar</u> as jy jou werk uit die land <u>insamel</u>. Lev. 23:34 Spreek met die kinders…. sewe dae lank die Tabernakel fees vir YAH. In Tabernakels (tente) het die Israeliete gewoon met die Egiptiese verblyf so ook in die woestyn. Deut.16:13 Die Tabernakel fees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers <u>insameling</u> hou.* Lev 23:34 staan*: Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie (~~sewende~~) maand is dit sewe dae lank die (<u>huttefees</u>). Tabernakel of Insameling vir YAH :35 Op die eerste dag moet daar 'n reine vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie.*

Lev.23:36 Sewe dae lank moet julle aan YAH 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag (lees mooi wat gesê word in die gelese stuk nl. : sewe dae, maar daar is 'n Agste dag ook) *moet daar vir julle 'n reine vierdag wees, …* (dit is die Agste dag viering aan die einde van die jaar; Oujaarsdag) *Deut.14:28 Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in dié jaar en dit in jou poorte wegsit; Deut.16:13 Die huttefees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou.* Lees nou aandagtig *: Deut. 31:10 En Moses het aan hulle bevel gegee en gesê: Aan die einde van sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding, op die huttefees, Jer. 34:14 Aan die einde van sewe jaar moet julle elkeen sy broer, die Hebreër wat aan jou verkoop is en jou ses jaar lank gedien het, laat weggaan; … Deut. 15:1 Aan die einde van sewe jaar moet jy 'n kwytskelding laat plaasvind. Wanneer hou 'n boer insameling?* Wanneer is kwytskelding?

Die laaste fees wat ek gaan aanhaal is die Versoendag.
Ons moet eers die doel en belangrikheid van die dag besef. In Lev. 25:8 – 27 word die volk opgeroep tot 'n afgesonderde samekoms tot verootmoediging. In vers 27 staan: *Jy moet jou verootmoedig en tot diepe berou voor VADER staan.* In die Tabernakel was die verbondsark met sy versoendeksel op waarvan die Levities-priester na die Ark eenmaal 'n jaar in die Aller afsondering ingegaan om vir die volk versoening te pleit (Op die Ark was die versoendeksel waaruit VADER gespreek het en dat YAH [YAHUSHA] daardie seremonie kom vervul het sodat ons deur Hom versoen kan word met VADER).
In Ex.12:3 staan: *Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand* (Abib die eerste maand van die jaar) *moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.*
In Jos 4:19 word dit mooi uitgewys nl.*: En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike grens van Jérigo* (M.a.w. hulle het deurgegaan en Versoendag gaan hou by Gilgal). *Jos 5:10 Terwyl die kinders van Israel by Gilgal gelaer was, het hulle die Pasga gehou op die veertiende dag van die maand in die aand, in die vlaktes van Jérigo.* Duidelik sien ons dat hulle twee feeste gehou het met die laer opgeslaan. Lees saam my Lev. 16:29: *En dit moet vir julle 'n ewige insetting wees: ~~in die sewende~~ om 'n eed af te lê en om dit te handhaaf as ballinge in die maand, op die tiende van die maand, moet julle jul verootmoedig en géén werk doen nie ……..*

Samevatting en openbaring:.

Kom ons kyk na orde nl: Eerstens moet daar ‘n nuwe jaar fees wees om jou te verbly van ‘n Nuwejaar begin (Trompette fees). Tweedens moet daar ‘n versoening aan die begin van ‘n jaar wees sodat VADER met jou die res van die jaar kan wees en jou seën en bewaar (Versoendag). Derdens moet die dood ons verbygaan, en dat ons die besef moet hê wat ons voorouers deurgegaan het (Pasga wat saam met die sewe dae ongesuurde brode gaan). Vierdens moet ons onsself verbly met die opbrengs wat gesaai was in die eerste maand (Eerstelinge/fees van die weke). Vyfdens moet ons onsself verbly in elke nuwe seisoen wat aanbreek, want elke seisoen lewer ‘n nuwe vrug voort (Seisoen vernuwing). Sesde gedurende die jaar ontvang ons (*ek praat 100% van die seisoene bo in Israel*) allerhande vrugte en groente waarvan dit begin het in April en eindig in Maart waarvan ons dankie moet sê aan die einde van die jaar (Insameling fees / Hutte fees). Laastens kry ons Oujaar. Aan die einde van ‘n jaar spoel Oujaar gewoonlik oor na die Nuwejaarsdag wat groot feesviering is (*Agste dag. Die agste beteken ook ‘laaste kans’ om in te kom Lees so ook asb. Lev. 16:29; 23:24; 23:27 wat sê: in die “sewende maand” lees dit met ‘n geruste hart: om ‘n eed af te lê en om dit te handhaaf as ballinge (vry gekoopte) Matt. 5:23, 24; 27:51; ens*).

Nou met al die genoemde feeste van bo het YAH drie feeste uitgesonder om VADER te behaag en dit staan in: *Deut. 16:16 Drie maal in die jaar moet al jou manne voor die aangesig van ~~die HERE~~ VADER jou ~~God~~ Skepper verskyn op die plek wat Hy sal uitkies; op die fees van die ongesuurde brode (Pasga) en op die fees van die weke (Eerstelinge) en op die huttefees (Insameling); en hulle mag nie met leë hande voor die…*

Kan jy sien waaroor die feeste gaan? Dit gaan oor die opbrengs van die aarde. Alles behoort aan VADER (Hag.2:8). Die ongesuurde brode kan ook gesien word as die skoongewaste deur ‘YAHUSHA Bloed’ wat eerstelinge sal wees met die insameling aan die einde van ‘tyd’.

Die feeste is bymekaar, want hulle hoort bymekaar. Ons kry die Insameling van Ongesuurde brode wat die eerste of uitverkore is van VADER.

Die jaareinde-feeste is dieselfde as die jaar begin-feeste. Kyk gerus en sien dat die feeste oor dieselfde gebeure gaan. Die end fees gaan om dankie te sê aan die Egiptenare dat ons voorouers 430 jaar in hutte kon woon in Egipte. Die fees daarna is om die nageslag te herinner dat ons in Egipte gewoon het. Die fees van die weke (Eerstelinge) is “PEN'TECOST” en beteken vyftigste. Vyftig beteken Eersteling en so beteken dit ook weer, Lossing.

Bo genoemde 'fees van die weke' word gevuur sewe weke vanaf Pasga. Sewe beteken op sy beurt weer, volledig of 'n siklus wat voltooi het. Die vyftig dae of sewe weke is 'n tydperk deur VADER daar gestel sodat Sy volk hulself kan reinig vir die Lossing op die fees. Presies vyftig dae nadat die Israeliete uit slawerny *(Egipte)* getrek het, het hulle die Wet van VADER ontvang op die berg Sinai. Presies vyftig dae of sewe weke na YAHUSHA se foltering is die uitstorting van die Afgesonderde Gees. VADER was baie streng op SY eerstelinge van alles wat SY Seun op aarde geskep het en dit ook duidelik in Sy Wette deurgegee het. Sy volk Israel het Hy *(YAHUSHA)* ook ontvang as eersteling van al die ander volke op aarde en daarom is Hy so streng op ons en tog verlief op Sy Uitverkore. Ons weet alle offergawes is vervul met YAHUSHA, maar nie die feesdae nie. Ons moet die feesdae vier ter ere en danksegging aan VADER en SY Seun as dié uitverkorene. In Deut. 16:9 – 16 en Ex. 34:18 – 22 staan: *Die fees van ongesuurde brode* (April), *die fees van die weke,.. die fees van die eerstelinge van die koringoes, (*Mei*) en die fees van die insameling by die wisseling van die jaar* (Maart). Jak. 1:18; Jer.2:3; Deut.16:9-16; Num.28:26; Lev.23:10-20; Ex.34:22-24; Hand.2:1 *(Open.14:4 sê die wat hulle nie besoedel het met kerklike {Joodse} dogma nie is rein).*

Ek sluit om te pleit dat die uitverkore die feeste "veral die drie van Deut. 16:16" moet eer en doen. Die feeste is opmekaar en dus maklik om te reël by jou werkgewer. Die eerste begin die 20ste Maart (Trompette); Die tweede is die 10dae daarna(Versoen);Die derde begin 14 dae na die 20ste vir 7 dae; (Pasga en ongesuurde brood); Die vierde is 7 volle weke na Pasga (Die Eerstelinge fees wat altyd op 'n eerste dag van die week val "Sondag"); Die voorlaaste fees is die 12 de Maart tot 18 de Maart (Insameling); Die laaste fees is die 19 de Maart (Agste dag); Die uitstaande feeste is die 4 Seisoen-vernuwings.

Elke jaar gaan jy tog op verlof en sodoende het jy 'n jaar voor die tyd om jou verlof so uit te werk dat die fees daarin kan pas. Kom volk van YAH, word deel van die uitverkore. Word deel van die koring wat ingesamel gaan word aan die einde van die tyd. Kies YAHUSHA sodat geen suurdeeg in jou te vinde is nie. Slegs die ingesamelde sonder suurdeeg sal die Gees van VADER (YAHUSHA) ontvang in die 1000 jaar van vrede.

Ns.: Met die Pasga moet ek noem dat ons Koning nie net bloed gestort het om ons te vrywaar nie, maar het die dag met Sy dood die beker van smart ja die beker van jaloesie gedrink, en toe sterf met die woorde "Dit is volbring" (Num.11:11-30; Joh.19:30). Bedink dit my vriend.